

**Sing vooraf staande: Psalm 91:1, 8 (p. 460)**

- 2 Daar's nette, waar jou voet ook gaan, / soos van die voëlvanger;  
uit donker plekke waai jou aan / 'n stroom van pesdamp swanger.  
Maar ewege vleuels sweef oor jou, / geruis van reusevlerke;  
rondom jou is Gods ewege trou, / die harnas van die Sterke.
- 8 "Hy roep, en Ek beskerm hom daar, / totdat die nood verby is;  
Ek lei hom na die hoogtes waar / 'n eerkrans hom berei is.  
Die menseleef tyd, vlug en kort, / verleng Ek uit genade,  
sodat hy blye aanskouer word / van al my reddingsdade."

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Psalm 95:1, 2 (p. 477)**

- 1 Kom, laat ons jubel voor die HEER, / laat ons Hom toesing lof en eer –  
die rots van heil wat ons oordek het. / Laat ons met lof en eerbiedsgroet  
sy vriendlike aangesig ontmoet / wat nuwe vreugde in ons gewek het.
- 2 Bo al die gode en godeprag / troon God as Koning; sy gesag  
is groot en ken geen grense of lyne. / Die aard' se diepste binnekant  
is in die holte van sy hand; / die hoë berg daarbo is syne.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

**Psalm 65:2, 3 (p. 314)**

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;  
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.  
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;  
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:  
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.  
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag  
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

Gebed

**Psalm 34:1, 2 (p. 166)**

- 1 In weelde en ongeluk, / altyd sal ek die HERE prys;  
altyd vir Hom my lof laat rys, / in voorspoed en in druk.  
Hom sal 'k die ere skenk, / tot roemtaal kragtig aangespoor.  
Sagmoediges, hul sal dit hoor / en aantree op my wenk.
- 2 Kom, maak die HERE groot! / Laat ons sy Naam 'n lofsang wy,  
aan Hom wat groot is en naby, / die helper in die nood.  
Ek het in my gebed / Die HEER gesoek en Hy het my  
in antwoord op my noodgeskrei, / uit al my vrees gered.

**Skriflesing:** Galasiërs 1:1-10; 2:15-21; 5:1-12; Heidelbergse Kategismus, Sondag 11

**Kernvers:** Galasiërs 1:7-9; 5:4

**Daar is geen ander evangelie nie! Tog is daar mense wat die evangelie van Christus probeer verdraai, en dit is hulle wat vir julle in verwarring**

**bring. Maar al sou een van ons of selfs 'n engel uit die hemel aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat ons aan julle verkondig het – die vloek van God sal hom tref! Ons het dit voorheen al gesê en ek sê dit nou weer: As iemand aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat julle ontvang het – die vloek van God sal hom tref! (Galasiërs 1:7-9 AFR83)**

**Julle wat van julle sonde vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, julle het julle band met Christus verbreek, julle het die genade van God verbeur. (Galasiërs 5:4 AFR83)**

## **Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 29: Waarom word die Seun van God Jesus, wat Verlosser beteken, genoem?**

*Antwoord: Omdat Hy ons van al ons sondes verlos (a) en by niemand anders enige saligheid te soek of te vind is nie (b).*

*(a) Matt 1:21; Heb 7:25. (b) Hand 4:12; Joh 15:4, 5; 1 Tim 2:5; Jes 43:11; 1 Joh 5:11.*

**Vraag 30: Glo dié mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus?**

*Antwoord: Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Verlosser en Heiland, Jesus, alhoewel hulle met die mond in Hom roem (a). Slegs een van twee dinge is immers moontlik: óf Jesus is nie 'n volkome Verlosser nie, óf dié wat hierdie Verlosser met 'n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is (b).*

*(a) 1 Kor 1:13. 30, 31; Gal 5:4. (b) Heb 12:2; Jes 9:6; Kol 1:19, 20; 2:10; 1 Joh 1:7.*

**Tema:** Ons enigste Verlosser, Jesus, het ons van al ons sondes verlos

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die Here het aan ons die voorreg gegee om tot 'n verstaanbare begrip te kom van wat ons oor God ons Vader bely in die Twaalf Artikels. By twee afsonderlike geleenthede het die Heilige Gees ons vanuit die Skrif geleer: Ten eerste, dat **die almagtige** God en **Skepper** van alles **ter wille van sy Seun Christus** ook ons **Vader is**. Ten tweede, omdat Hy ons Vader is, beskik Hy alles – die goeie en die slegte – oor ons tot ons beswil. Hy regeer in alle volmaaktheid en regverdigheid oor ons.

Vanaf die tweede tot die sewende artikel van die Twaalf Artikels bely ons ons geloof in die Seun van God, Christus Jesus ons Here. In ons Kategismus word hierdie ses artikels oor nege Sondagafdelings versprei. In die tweede artikel van ons Twaalf Artikels bely ons die Name van die Seun van God. Dit is so belangrik om te weet wie die Seun van God is dat drie van hierdie nege Sondagafdelings net aan hierdie een artikel afgestaan word. Die Naam van God sê wie Hy is. Die Naam van God omvat alles wat Hy van Homself aan ons in sy Woord openbaar. So omvat die Name van die Seun van God ook alles wat Hy van Homself aan ons openbaar. Daarom is dit noodsaaklik dat ons 'n goeie begrip van elkeen van sy Name sal hê. Vanoggend staan ons net by die Naam Jesus stil.

Wat ons aangaande die Naam *Jesus* hier in Sondag 11 bely, val vir my in twee sake uiteen. Aan die een kant, wat ons aangaande die Naam Jesus bely, is daar min of geen probleme nie. Wanneer ons egter, aan die ander kant, kom by wat ons saam met die Naam Jesus bely, bestaan daar bepaalde verskille wat nie op die rand van ons geloof is nie maar juis die kern van God se genade vir ons raak. Die Heilige Gees gee dan vanoggend vir ons twee handvatsels in die hand waarmee ons vanuit die brief aan die Galasiërs kan luister wat ons in detail aangaande die Naam *Jesus* bely.

Broers, susters en kinders, ons staan in die eerste plek stil by dit waaroor daar min of

geen probleme bestaan nie. Ons Kategismus begin met die vraag: **Waarom word die Seun van God Jesus, wat Verlosser beteken, genoem?** Baie min gelowiges, indien enige, sal 'n probleem hê om hierdie vraag op die eenvoudigste manier te beantwoord. Die Seun van God word Jesus genoem, **omdat Hy ons van ons sondes verlos**. Ons lees van die betekenis van die Naam Jesus in Matteus 1 waar die engel in 'n droom vir Josef, die verloofde van Maria, sê:

**Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.** (Matteus 1:21 AFR83)

En as ons dit nog nie gelees het nie, het ons ten minste daarvan gehoor by een van die talle Kersprogramme wat deur die kerke aangebied word. Daarom, as enige een 'n gelowige sou vra: *Wie is jou Verlosser?* sal die gelowige sonder om te stotter antwoord: Jesus.

Tog het God hierdie Naam Jesus nie maar sommer uit die lug uit gegryp en dit aan sy Seun gegee wat as mens gebore sou word nie. Jesus was 'n baie bekende naam in die Bybelse tyd. Trouens, die naam kom al sedert die Ou Testament onder die Israëliete voor. In die geskiedenis van die Here met Israel, het Hy die gelowiges voorberei op die naam Jesus. Daar was veral twee manne met die naam wat van belang is. Josua, die man wat na Moses die opdrag gekry het om die volk die beloofde land in te lei nadat die Here hulle veertig jaar vantevore uit Egipte verlos het. En Jesua, die hoëpriester in die tyd van Serubbabel. Saam met Serubbabel het Jesua die volk teruggelei na die beloofde land uit die ballingskap uit.

Iets van die betekenis van Jesus se Naam en sy werk word vir ons in die optrede van hierdie twee manne afgebeeld. Albei hierdie diensknegte is deur die Here gebruik om sy volk uit situasies van ontbering en verdrukking uit te lei na die beloofde land. In Jesus word hierdie optrede in besonder 'n werklikheid wanneer Hy die volk van God uit die geestelike Egipte en Babel uitlei, uit hulle sondes uitbring na die beloofde land, in die volle gemeenskap met God die Vader, Seun en Heilige Gees, waar hulle 'n nuwe lewe geniet.

Maar broers, susters en kinders, soos ons reeds gesê het, oor die betekenis van die Naam Jesus en die feit dat Hy inderwaarheid ons van ons sondes verlos het, bestaan nie 'n probleem nie. Elkeen van ons het waarskynlik nie geweet van die verbintenis tussen die name en werk van Josua en Jesua met die Naam en werk van Jesus nie, maar met getroue Skrifstudie sou ons dit almal te wete gekom het. Daaroor bestaan daar eweneens nie 'n probleem nie.

Dit bring ons dan by die sake waaroor gelowiges wel verskil. Dit handel oor die sake wat ons saam met die Naam Jesus bely, naamlik dat **Hy ons van al ons sondes verlos** en dat Hy die enigste Een is wat ons van ons sondes kon verlos het. Die verskille oor hierdie sake tussen gelowiges het nie maar eers gedurende die tyd van die Reformasie aan die lig gekom toe die Heidelbergse Kategismus opgestel is nie. Inteendeel, dit is 'n baie ou dwaling wat sy kop al uitgesteek het in die kerke in Galasië, en die dwaling duur vandag steeds voort, nie net by die Roomse Kerk nie, maar ook by die Protestantse gelowiges, ja, ook by Gereformeerdes. Ons moet een ding baie goed besef. Daar is nie regtig so iets soos nuwe dwaalleer nie. Wat vir ons nuut lyk is maar net die nuwe baadjie waarin die ou dwaalleer toegewikkel is. Daarom sal die waarskuwings in die Bybel teen dwaalleer nooit uitgedien raak nie en die verdediging in ons belydenisse teen die dwaalleer sal nooit sy jeugdige krag kan verloor nie.

Op Paulus se eerste sendingreis het die Here die kerke deur middel van die prediking van

Paulus in Galasië bymekaargebring. Dit was gedurende die jare 46 tot 48 n.C. Gedurende 50 tot 52 n.C. was Paulus besig met die tweede sendingreis. En dit is in hierdie tyd dat Paulus die brief aan die Galasiërs geskryf het. Skaars twee jaar nadat die mense in Galasië Jesus Christus as hulle enigste en volmaakte Verlosser in die geloof omhels het, het die probleme begin wat die kern van God se genade vir hierdie mense aangetas het.

Paulus is so hewig ontsteld oor die verwickelinge in Galasië dat hy hierdie brief nie eers met die bekende danksegging teenoor God begin nie. Oor die dinge wat daar in Galasië aan die gang is, kan God nie gedank en geprys word nie. Die kerke in Galasië het baie gou van God wat hulle deur die genade van Christus geroep het, afvallig geword en 'n ander evangelie aangeneem. Nou moet ons oplet na die Heilige Gees se beklemtoning. Die woord wat ons met *ander* vertaal, beteken eintlik andersoortig of vreemdsoortig. Hulle het 'n vreemdsoortige evangelie aangeneem, want daar is immers net een evangelie – die evangelie van Jesus Christus.

Maar wat kan tog nou so verskriklik wees aan 'n vreemdsoortige evangelie dat Paulus so moes gal afgaan, dat hy selfs in die teenwoordigheid van die Here almal, ander mense, engele en homself, vervloek wat 'n vreemdsoortige evangelie verkondig? Solank Jesus Christus deel uitmaak van die evangelie is daar mos nie 'n wesenlike fout nie. So het baie van die lidmate in die kerke van Galasië ook geredeneer. Maar geliefdes, dit is juis daar waar die gevaar van 'n dwaalleer skuil. Jesus Christus en sy verlossingswerk aan die kruis vir die sondaars is bykans altyd deel van enige dwaalleer. Maar luister tog mooi na wat gesê word: Jesus Christus is deel van die vreemdsoortige evangelie. Die saak of sake wat die dwaalleer se evangelie vreemd maak, veroorsaak dat 'n mens nie meer van die evangelie van Jesus Christus kan praat nie. Hierdie sake wat die evangelie vreemd maak, het die kern uit die evangelie gehaal, naamlik die genade wat God vir ons in Jesus Christus skenk. Dit is juis hierdie genade wat die evangelie van Jesus Christus werklik goeie nuus maak.

Nadat Paulus die evangelie van Jesus Christus so duidelik aan die Galasiërs verkondig het dat hulle **Hom as't ware aan die kruis kon sien hang** (Galasiërs 3:1 AFR83), het daar mense uit Jerusalem aangekom wat hierdie vreemdsoortige evangelie kom verkondig het. Hierdie Jode staan as Judaïste bekend. Dit is Jode wat Jesus Christus ook as Verlosser aangeneem het, maar wat nie die ou seremoniële wette wou laat staan nie. En daar was hierdie een seremoniële wet, naamlik die besnydenis, waaraan hulle vasgeklou het asof hulle lewe daarvan afhang. Met hulle vasklouery aan die besnydenis het hulle die evangelie van Jesus Christus vreemd gemaak, eintlik verdraai.

Volgens hulle “evangelie” is dit belangrik dat 'n gelowige moet glo dat Jesus Christus hom of haar van hulle sondes verlos het. Maar Jesus Christus alleen is nie genoeg om jou van jou sondes te verlos nie. Jy kan nie maar net agteroor sit en sê jy is klaar verlos met die bloed van Christus aan die kruis nie. Jy, as gelowige, het nog 'n verantwoordelikheid. Saam met Jesus Christus as Verlosser moet jy jou ook besny of laat besny, dan eers kan jy verseker weet dat jy regtig heeltemal verlos is. Hoor u, broers, susters en kinders, die woorde wat hierdie dwaalleraars gebruik pas so mooi in ons eie verstaan van die verlos-sing in, maar ...

Dit is op hierdie *maar* wat die Heilige Gees ons aandag wil vestig. Diegene wat die besnydenis saam met Jesus Christus as evangelie verkondig en diegene wat hulle laat besny om Jesus Christus én die besnydenis te hê as versekering van hulle verlossing gee daarmee te kenne: Jesus Christus het ons nie heeltemal aan die kruis verlos van al ons sondes nie, sy werk is nie klaar nie, daarom moet ons mense dit klaarmaak met die

besnydenis. Hulle sê verder: 'n Gelowige se saligheid is nie ten volle in Jesus Christus te vinde nie; ons moet ons saligheid gedeeltelik ook by Moses gaan soek. Maar wat bely ons aangaande Jesus: Hy is ons Verlosser, **omdat Hy ons van al ons sondes verlos en by niemand anders enige saligheid te soek of te vind is nie.**

Geen mens en geen daad van 'n mens kan enigsins iets bydra tot jou verlossing nie. Sodra 'n mens met daardie gedagte begin speel, is jy besig om die genade van God in Jesus Christus vir jou te verdring. Verlossing is verniet en dit is volkome. Hierdie gratis verlossing het God net in Jesus Christus aan ons gegee. Soos Johannes en Petrus aan die Joodse Raad ook gesê het:

**Hy [Jesus Christus] bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie** (Handelinge 4:12 AFR83).

As die verlossing nie meer verniet is nie, kan dit nie meer genade wees nie. As 'n mens nog iets moet doen by Jesus se werk aan die kruis, dan verdien jy jou verlossing en is die genade totaal daarmee heen.

Genade is immers werk wat ons Drie-enige God alleen doen. Niemand help Hom om hierdie werk te doen nie. Slegs werk wat God alleen kan doen ter wille van die mens se saligheid, kan as genade gesien word. Wanneer die mens iets wil byvoeg, is dit nie meer genade nie.

Om die Galasiërs op die groot gevaar van hierdie vreemdsoortige evangelie te wys, stel Paulus dit dan onomwonde: Diegene wat hulle laat besny om sodoende hulle verlossing te verseker, het hulle **band met Christus verbreek** (Galasiërs 5:4 AFR83). Christus beteken dan vir jou net mooi niks (Gal 5:2), want jy wil dan te kenne gee dat Hy jou nie heeltemal verlos het nie. Dan kon Hy maar net sowel glad nie vir jou aan die kruis gesterf het nie. En dan het jy **die genade van God verbeur** (Galasiërs 5:4 AFR83). Al wat dan nog vir jou oorbly is die vervloeking. Dit beteken om dan vir altyd sonder die genade van die Here ons God te wees en altyd in die onsekerheid te lewe of jy regtig genoeg gedoen het om verlos te wees.

Wat die Heilige Gees hier in Galasiërs aan ons deur Paulus se pen leer, leer Hy ook vir ons deur die onderrig in ons Kategismus. Nou moet ons in gedagte hou dat ons Kategismus gebore is toe die verskil tussen die evangelie van Jesus Christus en wat die Roomse Kerk daarmee gemaak het op die spits gedryf was. Daarom bely ons: **Dié mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, glo nie in Jesus die enigste Verlosser nie.** Inteendeel, **hulle verloën Hom met die daad.** Hulle verbreek hulle band met Christus en verbeur God se genade al sê hulle nog met die mond dat hulle in Jesus glo.

Hulle glo miskien nog in Jesus, maar vir hulle is Hy nie die enigste Verlosser nie. Daarom bid baie Roomse gelowiges dat die goeie werke van die heilige apostels en ander heilige mense aan hulle toegereken moet word. Hulle wil dat 'n ander sondaarmens God met hulle moet versoen. Maar nou weet ons al van Sondag 5 af dat nie onself nie en geen ander mens God met ons kan versoen nie. Niemand kan help om ons te verlos nie. By Jesus Christus alleen is ons saligheid te vinde en net **dié mense wat Hom met 'n ware geloof** as die enigste Verlosser **aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is.** Die valse leraars in Galasië het dit reg dat die gelowige 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die geloof het. Maar hierdie verantwoordelikheid is alleen daarin geleë dat ons in die ware geloof al stywer aan hierdie waarheid moet vashou: Jesus Christus is ons enigste en

volmaakte Verlosser. Ons het nie 'n verantwoordelikheid om onself te verlos nie, want ons kan nie. Saam met die vashou aan die waarheid van die evangelie van Jesus Christus het ons die verantwoordelikheid om as verlose mense te lewe.

Maar broers, susters en kinders, die dwaling wat 'n vreemdsoortige evangelie wil verkondig het nie in die tyd van die Reformasie uitgesteef nie. Subtiel en op 'n agterbakse manier is ons aartsvyande besig om ons ook in die gevaar te bring om Jesus as ons enigste en volmaakte Verlosser te verloën. Vra maar vir baie gelowiges hoekom woon hulle eredienste by, hoekom gee hulle dankoffers, hoekom bid hulle of hoekom lees hulle Bybel. En ek wil dit waag om te sê dat 'n kwart of meer sal antwoord: Om in die hemel te kom. Hulle doen al hierdie dinge om verlos te word. Dan kan ons nou maar vir hulle sê: Julle kan ophou om al hierdie dinge te doen, want niks wat julle doen, sal julle van julle sondes kan verlos nie. Maar julle moet ook oppas: Deur al hierdie mooi dinge met hierdie verkeerde motief te doen, soek julle nie julle volle verlossing by Jesus nie, maar is julle besig om Hom as julle Verlosser heeltemal te verwerp.

Geliefdes, laat ons daarom noukeurig let op wat ons sê en dink en hoe ons praat aangaande ons verlossing en ons Verlosser Jesus Christus. Die troos wat die Heilige Gees in ons hart met hierdie deel van ons Twaalf Artikels in ons harte wil werk, is dit: Jy hoef niks te doen vir jou verlossing nie, want Jesus, ons enigste Verlosser, het ons klaar van al ons sondes verlos.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 34:7, 8 (p. 168)

- 7 God wend sy aangesig / teen hul wat sy bevel weerstaan,  
Hy laat hul naam met hul vergaan / deur hoogste strafgerig;  
maar Hy sien gunstig neer / op die regverdige geslag;  
Hy neig sy ore tot hul klag / en red hul altyd weer.
- 8 Die HEER's die hart naby / wat gans verbroke is en verskeur.  
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.  
Hoe kom hul altyd weer, / die teëspoede van wie hier  
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
3 November 2013